Donderdag **11 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 44:1-8 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 44:8**

**Die Here is die enigste God: moenie bang wees nie**

Hierdie gedeelte in Jesaja het ’n besondere boodskap gehad vir die Israeliete, en veral die mense van Juda, wat in ballingskap in Babel was. In daardie tyd het elke volk sy afgod gehad, en meer dikwels ’n hele reeks afgode. Die mag van ’n god was gewoonlik verbind aan die omstandighede waarin daardie volk is. Wanneer ’n volk ’n oorlog verloor het, is die gode van die oorwinnaars as sterk beskou, en die gode van die volk wat die oorlog verloor het, as minderwaardig beskou. Die Babiloniërs, wat die mense van Juda en Jerusalem in ballingskap weggevoer het, het dus nie veel agting gehad vir God nie.

Op hierdie stadium was die mense van Juda en Jerusalem reeds meer as vyftig jaar in ballingskap. Baie van hulle het moed verloor en kon nie glo dat hulle weer na hulle eie land sou kon terugkeer nie. As ballinge het hulle dikwels in vrees geleef. Wat sou van hulle word in ’n vreemde land? Die gode van Babel, kon hulle dink, is sterker as die Here.

Juis daarom is die boodskap van Jesaja 44 so belangrik, vir die ballinge en vir ons ook. Die Here het die ballingskap aangekondig. Dit was straf op die volk se sonde, juis om hulle te dwing om na die Here terug te keer. Die boodskap is baie duidelik: die Here is die enigste God. Die afgode van die volke bestaan nie eers nie, hulle is deur mense uitgedink.

In ons tyd is daar ook baie godsdiente, maar hulle het geen waarde nie. God, wat ons deur Jesus verlos het, is die enigste God en Hy beskerm ons ook. Ons kan, by alles wat met ons gebeur, rustig wees in die wete dat die Here in beheer is.

*Sing: Skrifberyming 2-2:3*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*